Liefde in Aksie Gemeente

Visie: “Vir Jesus God, vir mense, vir die stad...”

(“For Jesus God, for people, for the city...”)

Week van 2 April 2017

(**Kantoor**: Tel 021-5581910 Faks 021-5585532
Epos: ngkbothasig@telkomsa.net; Web: ngkbothasig.org.za)
Inbetalings/Dankoffers/Bydraes: Bank - ABSA- GOODWOOD- TJEK REK 620 580 325.
Kantoor ure : Dinsdag tot Vrydag 08:00 tot 12:30.
Die kerkkantoor is gesluit op Maandae en slegs oop vir administrasie.
Webtuiste: ngkbothasig.org.za

VANDAG

Erediens 09:00-10:15 Baie welkom in die erediens vanoggend. In die lydenstyd is 3 goed wat ons doen belangrik: Gebed, Vas en Omgee/diens. Luisterteks by Lydenssondag : Rom 8: 6-11.

Boeretroos koffie: Kom kuier saam na kerk by ons koffieplek. Donasies welkom.

Ontmoetingsdiens/Laminindiens: 18:00 (Koffie vanaf 17:00 by Boeretroos) “In the Meantime”. Voel dit soms of jy net nie meer weet wat om te doen nie of als net te veel raak en God al van jou drome vergeet het? In die reeks kyk ons na hoe Abraham dit ervaar het en die pad wat God met hom gestap het. Daar is hoop.

Jeuggroepe: Geen agv vakansie.

Deuroffers: Gemeenteaksies

Lydenstyd Meditatiewe byeenkomste elke aand vanaf 19:00-19:40

Datum: 10-13 April.

Gelei deur ds Miga Coetsee.

Goeie Vrydag Erediens met Nagmaal 14 April gelei deur ds Gustav.

NET IN HIERDIE WEEK

Maandag: 18:00 Dankfees vergadering.

Dinsdag: 09:00 Seniorlidmate besoeke; Uitreik na Haweloses in omgewing by KFC parkeerarea; 19:00; Burgundy Connect nuwe geloofsgemeenskap stigting by Burgundy Klubhuis.

Woensdag: 10:00 Kleingroep. 10:00: Vreugdejare Groep: James Marais en Monique tree op.

Donderdagaand: 19:00 Kleingroep by Boeretroos.

Seer en Vreugde

Siekte/Voorbidding: Amanda v Wyk; Dirk Needham; Schalk Greyling;

Verjaarsdae: Ons wens jou toe dat jy altyd iemand sal hê met wie jy die vreugdes en die droewe dinge van jou lewe kan deel: 01.04: Gerhardt Botes, Stefan Lombard, Yolanda Swart, Elsa van As, Andrew v Wyk, Stefan Willemse, Tenna Yzel. 02.04: Lucia Eyberg, Zandré Linde, Jacobus Lourens, Jodie Pienaar, David Strauss, Hein v Wyk, Ockert Vermeulen. 03.04: Joey Bothma, Louis Kemp, Maré Roodt, Reghard Smith, Paul Stander, Nickie v.d. Westhuizen, Karmen White. 04.04: Ruby Bezuidenhout, Ilse de Villiers, Gert Stone. 05.04: Gerhard Bosman, Cheyenne Colwill, Ronel de Bod, Leanne Nell. 06.04: Boeta Jenkins. 07.04: Biance Burnett, Kristen Oosthuizen. 08.04: Chantal Berowsky, Kaelin Botes, Anneke Burger, Rodney Versfeld. 09.04: Jackie Bezuidenhout, Annali Bosman, Avron Trautmann, Suzanne v Zyl, At Yzel.

Gestuurde Gemeentewees: Die plekke en mense rondom ons.

Wes-Kaapland Streekkonferensies
- Vir Predikante en Gemeenteleiers
Die moderatuur beplan 'n aantal streeksbyeenkomste van 8 tot 16 Mei in ons sinodale gebied. Die moderamen moet oor verskeie kontensieuse sake in die sinode leiding gee, maar wil dit nie sonder 'n deelnemende gesprek met die predikante en leiers van gemeentes doen nie.
Tydens die beoogde streekkonferensies wil hulle hoor wat in die harte van gemeentes leef en ruim geleentheid skep vir gesprek.

Seminaar oor Vriendskap en Gasvryheid
Van Jurie Goosen (Friends of all Nations-bediening op Stellenbosch en verbonde aan NG Helderberg) ontvang ons nuus oor hierdie seminaar op 1 April in Stellenbosch.
Richard en Catherine Weston van Oxford is die sprekers en is verbonde aan die "Lausanne Commission". Hulle het kruis-kulturele ervaring van 25 jaar deur uitreik na internasionale studente in die Verenigde Koninkryk. Jurie nooi: "Kom luister gerus oor hoe om die wêreld op ons voorstoep te bereik deur vriendskap en gasvryheid."

Nuwe reeks vir die 2e kwartaal:

“Wat op dees Aarde!”

Ons begin met ‘n inleiding op 23 April om 09:00.

LIEFDE IN AKSIE, DEURLOPEND

Dinsdae: 09:00 Bejaardes besoeke weekliks; 17:30 Gemeente uitreik by KFC na hawelose mense in Bothasig. Indien u wil help is enige kos en kontant skenkings baie welkom; Ons soek dringend na nog dames wat bereid is om kos te maak. Dit is slegs een Dinsdag per maand.

Woensdae: 07:10 Uitreik na SAPD; 10:00 Omgeegroep/Kleingroep by kerk.

11:00 Gebedsgroep: Wolraad Woltemade Laerskool.

Donderdae: 10:00 Besoeke by Hospitale/Siek persone; 10:00 Sophey Mundey Kleingroep by haar huis; 19:00 Burgundy/Kleingroep; Kleingroep by Ash in Edgemead.

Vrydae: 18:00 Ons band "Laminin" oefen by die kerk.

Algemeen:

- Elsabie Thiart soek nog items vir die Wit Olifant Tafel: skakel 0215583979 of 0721704082.
- Ons gaan weer n lekkergoed tafel hê by die dankfees kan u asb. Help met donasies.
- Daar is baie sterk swartsakke (40 micron) te koop by die kantoor R30 vir 25 sakke.
- Foelie (Tin Foil) 70m op 'n rol (heavy duty) R90 per rol, Clingwrap R85 per rol—bestel by Marlene by kantoor.

Nuwe Intrekkers: Neem asb. 'n vorm in die voorportaal en vul dit vir ons in en besorg terug aan die kerk sodat ons u lidmaatskap kan aanvra.

Interkerklike Dienste 2017: Derde kwartaal: Dinsdag 5 September om 10:00 Vineyard, Boomstraat; 4de Kwartaal: 28 November om 10.30 Katolieke Kerk Adam Taslaan.

Gemeenteraad: Ida van Dewenter en Lorraine van Wyk is gekies om met hul gawes in die gemeenteraad te dien. Hulle het 2 weke om die saak saam met Jesus se wil te soek.

Stap : 8 April—Kloof Corner Tafelberg –Kontak Ida 0828741504 of Johannes 0729909013.

Moedersdagtee: 13 Mei 2017: R50 per persoon; 3-5nm; Stefan en die musiekskool gaan ons "entertain";

Bespreek by Marina 0761993887.

Geniet die middag met lekker eetgoed, musiek en goeie geselskap.

Gedenkpilaar: Ons eerste pilaar staan. Besoek dit. Daar is pamflette in die voorportaal vir u inligting. Koste beloop R2300 vir 'n dubbel nissie en u kan afbetaal teen R500 per maand. Die kissies is te koop by Marlene teen R250 per kissie.

Onthou: Dankfees 5 Mei. Almal welkom!

GEBEDSBEDIENING EN OORDENKING

LAAT RUIMTE VIR VERSKILLE

Elkeen van ons kyk na die wêreld deur 'n bril. Die bril is gevorm deur ons ouers, ons opleiding, ons vriende en selfs vreemdelinge wat so nou dan hulle opwagting in ons lewens kom maak. Soos wat 'n sonbril net sekere strale deurlaat, so laat die bril waarmee ons na die wêreld kyk net sekere strale deur. So kan ek en die persoon wat langs my staan na dieselfde prentjie kyk, maar iets heel anders waarneem.

'n Dosent het sy studente in twee gedeel. In die prent was twee vroue se gesigte in mekaar verweef. Aan die een groep het hy die kenmerke van 'n jong vrou verduidelik. Hulle het net die jong vrou raakgesien. Aan die ander groep het hy weer die kenmerke van 'n bejaarde vrou verduidelik. Hulle het net die bejaarde vrou raakgesien. Hy bring toe die twee groepe bymekaar met die opdrag dat hulle aan mekaar moet verduidelik wie hulle in die prent sien. Die onderskeie groepe kon glad nie verstaan hoe die ander groep dan nou iets anders waargeneem het nie. So kan ek en jy na dieselfde prentjie of teks in die Bybel kyk, maar dit verskillend verstaan. Soms raak die gesprek rondom die prentjie wat ons sien so driftig dat ons sommer kwaad word. Sommige gesinne is al uitmekaar, sommige vriende het kwaaivriende geword net omdat hulle nie mekaar se prentjie kan sien nie

Paulus is ook bewus daarvan dat sommige van die mense van Filippense anders dink: Fil 3:15-16 "So behoort volwasse Christene oor dinge te dink. As party van julle op sekere punte van my verkil, laat God vir julle wys wat julle regtig moet dink. Hoe ook al, laat ons nie nou die verkeerde pad vat nie. Laat ons op die regte pad bly."

Vir baie van die nuwe Christene was sekere gebruike van die Joodse godsdiens baie belangrik. Daar is baie energie ingesit om hulle manier van verstaan te probeer verdedig. Nou pleit Paulus vir hulle om nie toe te laat dat die dinge hulle van stryk bring nie. Hulle besef tog dat Jesus gekom het om vir hulle sondes te sterf en dis die balangrikste. Die res se invloed moenie so groot raak dat dit hulle van stryk bring nie.

Dit geld ook vir ons. Met die sosiale netwerke wat alles oordonder word ons met té veel inligting gebombardeer. Elke persoon wil sy manier van kyk na die prentjies verdedig. Elkeen glo dat hy of sy die enigste waarheid beet het. Aan die einde van die dag is dit so 'n geraas dat niemand mekaar meer hoor nie en self die omstanders draai weg met 'n slegte smaak in die mond.

Ons moet besef dat ons elkeen 'n bril op het en dat ons soms met baie vooropgestelde idees opdaag. Dalk het die ander een 'n groter stuk van die waarheid beet as jy, wie weet? Daarom moet ons ook luister na die ander en hoor wat hulle te sê het. Maar hoe nou gemaak? Wie het 'n groter stuk van die waarheid beet? Hier moet ons presies doen soos Pauls voorstel 15...."*Laat God vir julle wys wat julle regtig moet dink."*

Raak stil by God. Vra Hom om vir jou vrede te gee oor die verskille. So sal ons almal kan sorg dat ons op die regte pad bly en dat ander wat ons so onder hulle wenkbroue beloer ook kans sien en lus wees om saam met ons te loop.